

Naamloos



Youth mag

Januarie en Februarie 2016

Uitgawe 71

NG Gemeente Rietfontein-Suid

GESTUUR...



JOHANNES 20:21



Beste vriend en vriendin in geloof.

Welkom terug na die lang vakansie, hoop dat julle goed uitgerus is en dat julle saam met my uitsien na die jaar wat voorlê. Voorspoed vir die nuwe jaar aan almal en mag julle ervaar dat God saam met julle is, in die goeie en die slegte tye. Ons skop die jaar af met 'n 4 weke reeks wat gaan oor hoe ons 'n verskil in ons gemeenskap kan maak. Die temas volg nie noodwendig op mekaar nie maar dit help ons om te besef dat God ons wil gebruik, want een van die groot probleme is dat godsdiens iets geword het wat al meer en meer 'n Sondag godsdiens geword het en dat ons nie in die week ons geloof ten volle uiteleef nie. Dit is ook een van die redes hoekom kerke begin leeg loop en mense bekommerd is oor die jeug.

Dit het tyd geword dat ons 'n impak in ons gemeenskap maak en vir mense wys dat die Kerk daar is om mense by te staan en te ondersteun. Daarom is ons Kerk se jaartema – Gestuur... om juis uit te ruik na die kerklos en kerklose mense, want dit is tog Jesus se opdrag aan alle gelowiges - Johannes 20:21 "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."

Mag ons hierdie woorde saam met ons dra en uiteleef hierdie jaar en regtig Jesus se vingerafdruk los oral waar ons gaan! Sterkte aan almal met die nuwe jaar vir, die wat begin het met werk vir die eerste keer, die wat terug is by die werk, die wat in 'n nuwe graad begin het of dalk by die Universiteit begin, mag julle die Here se seën ervaar. Baie welkom ook aan al die nuwe Gr 8's ons hoop julle voel gou tuis!

Gemeente Visie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!

Januarie 2016

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
31 Jeugkuier 17:15 🎵 Youthbash 🎵 18:00-19:30					1	2
3 Oggenddiens 📖 09:00	4	5	6	7	8	9
10 Oggenddiens 📖 09:00	11	12	13 Skole Open	14	15	16
17 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	18	19 Belydenisgroep 2016 18:30-21:00 (eerste byeenkoms)	20 Solum 18:30	21	22	23
24 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	25 18:30 Week van Gebed	26 18:30 Week van Gebed	27 18:30 Week van Gebed	28 18:30 Week van Gebed	29	30

“The Lord did not tell us to build beautiful churches, but to evangelize the world” -- **Oswald J. Smith**

Februarie 2016

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	2	3 Solum 18:30	4	5	6
7 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	8	9	10 Solum 18:30	11	12	13
14 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	15	16	17 Solum 18:30	18	19	20
21 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖 18:00	22 Diensgetuienis 18:30 Getuienis- toerusting	23 Diensgetuienis 18:30 Getuienis- toerusting	24 Diensgetuienis 18:30 Getuienis- toerusting	25	26 Diensgetuienis: Sendingete	27
28 Jeugkuier 17:15 🎵Youthbash🎵 18:00-19:30	29					


“God is a God of missions. He wills missions. He commands missions. He demands missions. He made missions possible through His Son. He made missions actual in sending the Holy Spirit.” – **George W. Peters**

Sondag Selgroepe




Graad 8 -seuns & dogters

Elsa 082 468 0722



Graad 9/10 - seuns & dogters

Andrea 081 553 5661



Graad 11 - seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 12 - seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695

Week Selgroepe

SOLUM
NG GEMEENTE RIETFontein-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



HOPE BOKS PROJEK

R 25 per Boks

Kontak: Petro Jonker

072 048 9856





Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040



 **Spreekure**

Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)



Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!



Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand 'n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as 'n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.



JESUS

answered, "I AM THE WAY and the truth and the life. No one comes to the Father except through me.



Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Gaan  like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Oos**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 Almal is Welkom!

Lofprysingdiens

**Wil jy in die
naamloos
adverteer?**


Skakel vir Stanwin

079 525 5695

stanwins@gmail.com



Preekreeks



**MAAK 'N VERSKIL IN JOU
GEMEENSAP!**



**LOS JOU MERK! ★ 4 WEKE REEKS
17 JAN TOT 7 FEB 2016**



Socials!



Swem

6 Februarie 2016

11:00 tot 14:30

H/V 30ste Laan en Hertzog

Koeldrank en worsbroodjie sal voorsien word!

Koste is R25 p.p



Missionaal gerig

Ons leef in 'n tyd waar dit met die kerk oor die algemeen nie so goed gaan nie en daar is baie vrae rondom, of die kerk wel nog belangrik is en boonop relevant is vir die tyd waarin ons leef. Statistiek het ook gewys dat as tye begin moeilik raak in 'n gemeente dat die kanse groot is dat die gemeente al meer na binne gerig word en dit is juis nie wat die Here wil hê nie, want 'n gemeente moet na binne en buite gerig wees. Dit is immers die opdrag wat Jesus vir ons gegee het – Johannes 20:21; Matteus 28:19-20; Markus 16:14-18; Lukas 24:36-49 en Hand 1:6-8. Daarom is dit belangrik om Missionaal gerig te wees. As ons praat van om Missionaal te wees is daar so baie boeke en artikels geskryf daaroor, maar een van die grootste teoloë Dawid Bosch het 'n baie groot impak gemaak in die veld van sending en word tot vandag toe gesien as een van die top teoloë wat geleef het. Hy gee vir ons die volgende riglyne in sy boek – **Transforming Mission**

Sending as opdrag van alle gelowiges

Alle gelowiges is geroep tot sending volgens Matteus 28:19-20. Die woorde: “roeping, geroepene en missionaal”, wêk by gelowiges 'n wye verskeidenheid van idees, assosiasies en gewaarwordinge. Daar bestaan telkemale 'n meningsverskil oor die begrip “missionaal”. Die Vader stuur sy Seun en die Seun stuur aan ons die Heilige Gees, en die Heilige Gees is inwonend in die harte van alle gelowiges. Die Christelike geloof is dus in wese 'n missionale geloof en die sending die werk van alle gelowiges. Sending as bediening deur die hele volk van God. “Christelike geloof is missionêr, dit is 'n universele waarheid wat vir almal geld. Missiologie is nie neutraal nie - dit wil die wêreld verander vanuit die Christelike perspektief. Jesus het met sy koms nie gekom om die wêreld net so te los nie, maar verandering vir hierdie wêreld te bring. God bevestig sy belofte wat Hy aan Abraham gemaak het deur sy Seun, Jesus Christus.” Bosch (2011: 467). Dus is al God se kinders by magte om missionaal op te tree en die taak berus nie alleen op die prediker en in die kerk nie. Die liggaam van Christus-metafoor speel hier 'n baie belangrike rol. Dat elke gelowige deel, saamwerk en handevat om die evangelie te verkondig en dit nie net die werk van sekere uitgesoektes is nie.

Sending as kerk-met-ander

Bosch (2011:86) meen dat sending word gesien as God wat na die wêreld toe draai. In vroeë tye was die kerk gesien as 'n wêreld van haar eie. Die kerk was basies staties gewees. Buite die kerk was daar niks behalwe die 'valse' kerk nie. Praktiserende Christene was gesien as die wat gereeld erediens bygewoon het. Sending was gesien as die aanvulling van lidmate en die onderhouding van die strukture. Maar toe word die kerk wat die wêreld moes oorwin die kerk in solidariteit met die wêreld. Net soos wat dit onmoontlik geword het om van die kerk te praat sonder sending, het dit ook onmoontlik geword om van die kerk te praat sonder om van die wêreld te praat waarheen die kerk gestuur is. Dit was eers met Vatikaan II wat daar 'n deurbraak gemaak is rondom die verhouding tussen kerk en die wêreld. Hoe moet ons dus nou die nuwe siening verstaan (Bosch 2011:386)?

- **Eerstens:** As die kerk nie die begronding van sending is nie, dan kan dit nie as die (enigste) doel van sending gesien word nie.
- **Tweedens:** Die kerk is nie die Koninkryk van God nie, dit is die teken van die Koninkryk van God, die teken en instrument van die komende heerskappy van Christus.
- **Derdens:** Die kerk se sending impliseer meer as net om mense in die kerk in te roep om deel van die gemeenskap te word. Die kerk is die mense van God in wêreld gebeur.
- **Vierdens:** die kerk moet pneumatologies gesien word, die woonplek van die Gees van God. Die kerk is die sendings gemeenskap omdat die Gees die tussenganger is tussen God en mens.
- **Vyfdens:** Indien die kerk enige strukture in plek sit wat die kerk afsny van die wêreld, en verhoed dat die kerk betrokke raak in die wêreld gebeur, dan moet die strukture gesien word as ketterse strukture.
- **Sesdens:** A.g.v. die kerk se integrale verhouding met die wêreld, mag dit nooit dien as 'n tipe van grens oppasser, maar altyd as een wat goeie boodskappe en goeie nuus bring. (Bosch 2011:386-387)

Bronne

Bosch, D.J. 2011. Transforming Mission: paradigm shifts in theology of mission. Orbis Books: New York, VSA

Hardloop, Forrest en kie... maar hardloop reg!

deur Stephan Joubert (Artikel van www.ekerk.org)

Onthou jy daardie fliek, Forrest Gump. Hy was die ou wat ook regoor die VSA gehardloop het. Gedurig het hy vir homself gesê: “Run, Forrest, run!” Wel, dis wat baie mense weer vir hulleself sê noudat 2016 afgeskop het. Of wat hulle in elk geval doen. Dit is hardloop–tyd. Die feestyd is verby; die hardloop–seisoen is hier. Beplanning–sessies, vergaderings, massas epos, nuwe uitgawes en wie weet wat alles is op ons radarskerm. Hardloop is aan die begin van 2016 die in–ding. Kom ons help mekaar deur te sê in watter rigting en teen watter tempo om te hardloop!

a. Hardloop na die Here toe!

Atlete hardloop altyd met hulle oog gevestig op die wenpaal. Ons moet dit ook doen in 2016. Saam met Paulus in 1 Korintiërs 9:24–26 hardloop ons nie maar die hele wêreld vol nie. Nee, ons hardloop doelgerig. Ons hardloop in Christus se span. Ons hardloop in sy kleure en met sy klere aan! Ons hardloop na Hom toe in alles wat ons sê en doen.


b. Hardloop na mekaar toe

In 2016 is ons nie in die eerste plek taak–aangedrewe nie; ons is mense–aangedrewe! Ons leef mekaar nie uit die pad nie. Ons rig ons lewens op elkeen wat die Here op ons pad plaas in 2016. Ons leef mekaar raak; sien mekaar raak; ons bid vir mekaar; ons gee om vir mekaar.

c. Hardloop weg van sonde af

Paulus skryf vir Timoteus in 1 Timoteus 6:11 dat hy moet weghardloop. Waarvoor? Nee, die vraag is eerder van wat af? Verkeerde dinge, dis wat! Ons moet van daardie dinge af wegvlug wat teen God se wil is. Ons moet sorg dat ons en daardie dinge wat ons lewens kan verwoes nooit op dieselfde tyd op dieselfde plek is nie. In dié proses moet ons ook na iemand toe hardloop; na Christus toe. Dan is ons veilig. Dan is verkeerde dinge minstens een tree te stadig vir ons. Hardloop reg in 2016!

Humor...



Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

Wêreldwaarnemingslys 2015:

1. Noord Korea
2. Somalië
3. Irak
4. Sirië
5. Afganistan
6. Soedan
7. Iran
8. Pakistan
9. Eritrea
10. Nigerië
11. Maleië
12. Saoedi-Arabië
13. Libië
14. Jemen
15. Oesbekistan
16. Viëtnam
17. Sentraal-Afrikaanse Republiek
18. Katar
19. Kenia
20. Turkmenistan
21. Indië
22. Ethiopië
23. Egipte
24. Djiboeti
25. Mianmar
26. Palestynse Gebiede
27. Broenei
28. Laos
29. China
30. Jordanië
31. Bhoetan
32. Comore
33. Tanzanië
34. Algerië
35. Colombië
36. Tunisië
37. Maleisië
38. Mexiko
39. Oman
40. Mali
41. Turkye
42. Kazakstan
43. Bangladesj
44. Sri Lanka
45. Tadjikistan
46. Azerbaidjan
47. Indonesië
48. Mauritanie
49. Verenigde Arabiese Emirate
50. Koeweit

Inligting oor van die lande

Oman



Oman is geleë by die sameloop van die Persiese Golf en die Arabiese See en is een van die paar lande, met Islam as die staatsgeloof, wat nie bekering vanuit Islam kriminaliseer nie. Omdat Islam die staatsgeloof is, word wetgewing gebaseer op Islamitiese wette. Alle publieke skoolkurrikulums sluit lering oor Islam in. Afvalligheid is nie 'n kriminele oortreding nie, maar Omaanse bekeerlinge staar wel wetlike diskriminasie in die gesig en kan hul familie, werk, of selfs hul lewe verloor indien hulle geloof ontdek word. Alle godsdienstige organisasies moet geregistreer word en Christenbyeenkomste word gemonitor.

Hoofbronne van vervolging:

- Islamitiese ekstremisme
- Diktatoriale paranoia

Inligting oor Oman:

- Leier - Sultan & Eerste Minister Qaboos bin Said Al-Said
- Bevolking - 4 158 000
- Christen – 0.8%
- Geloof – Islam
- Regering - Monargie

Vir meer inligting besoek: (<https://www.opendoors.org.za>)

Youth Bash



**Feeding the
Community**

Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.



God
doesn't call the
qualified

He
qualifies the
called



2016: die jaar van ons Heer

deur Stephan Joubert (Artikel van www.ekerk.org)

2016 nC is hier! Oftewel, 2016 na Christus. Ons skryf graag die woorde “voor Christus” en “na Christus” na ons jaargetalle. In Latyn word daar gepraat van “AD” of “Anno Domini”, die jaar van ons Heer. Mooi, né! Jesus bepaal ons jaartellings. Hy bepaal ons manier van tyd lees. Sy geboorte het nie net ons lewens nie, maar ook verstaan van die tyd ingrypend aangeraak. Sy koms is die groot draaipunt in die geskiedenis. Alles is nou anders. AD tyd het aangebreek. Hierdie andersheid word ook bepaal deur ons navolging van Christus.

As ons Hom ons Here noem, dan is ons eie stukkies leeftyd hier op aarde ook AD-tyd. Dan leef ons elke dag van die jaar binne die nuwe tyd en die nuwe era wat ons Heer ingelei het. Dan is tyd nie meer maar net ’n neutrale klomp sekondes, minute en ure wat dag vir dag by ons verbysnel nie. Dan leef ons binne al hierdie tydsgrepe genaamd sekondes, minute, ure, dae, weke en jare met ons oog gefokus op die Here. Dan is 2016 nie net nog ’n nuwejaar wat aangebreek het nie; nee, dan is dit die jaar van ons Heer!

Ontspanning



'Bible Trivia'



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Wat was Moses se vrou se naam?

- a. Ester
- b. Sarai
- c. Ragel

2. Wie het aan Moses verskyn in die brandendebos volgens Eksodus 3?

- a. God
- b. Yawh
- c. Die Engel van die Here

3. Watter godsdiens groep, maak nie gebruik van die Nuwe Testament nie?

- a. Christene
- b. Moslems
- c. Jode

4. Watter boek in die Bybel het Martin Luther gesien as `n boek wat nie deel van die Bybel moes wees nie?

- a. Lukas
- b. Jakobus
- c. Openbaring

5. Wie se naam was eers Saulus?

- a. Silas
- b. Stefanus
- c. Paulus

6. Wat was een van Naomi se skoondogters se naam

- a. Sara
- b. Ester
- c. Orpa

7. Wat was Hagar se seun se naam?

- a. Ismael
- b. Abimelek
- c. Haggai

8. Wie het God saam met Moses na Egipte toe gestuur?

- a. Aäron
- b. Barnabas
- c. Lot

9. Hoe oud was Josef toe hy dood is? (Gen 50)


- a. 110
- b. 83
- c. 162

10. Wat is Jakob se oudste seun se naam?

- a. Abimelek
- b. Ruben

Sudoku

THE NUMBERS GAME



	7	4	9		2	5	3	
	6	2	8					4
	8		4	1	7	9	6	2
		7		2				6
4	5				9	2		
	2				6		5	1
	3			5			4	9
		5	2		3	8		7
	9				4			5

	5		4	3				
1		4	8	6				2
	3						4	8
4		2		5	8			
5			3	9		4	8	6
6		3			4	2		5
	6		7	2	1			
7	2	9		4	3			
	4		9	8		5		7

9	1			4		7		3
5	7				3			
2			6		7	1	5	8
			9	3				
3	6		4	5	8	2		
4	5	2				3	8	
		5						4
	4	1		2	6		3	
			8	1	4	6	2	5

2			5			9		7
7	6	9				1		
3	1	5	7	2	9	8	4	
1				5	4	3		
	5			3	8			
6	8							1
8	3	1	4	6	5		9	2
		4	9	8				
	2	6		7				

		4	7		5		9	
5	6		3			8		
1		2		6	8		5	3
			1				8	4
		3	8		6			
		5	2			3	6	1
			5	7	2	9		
		8		4	1	6	2	7
2	7	9					1	5

	3	5			6	2	9	1
		4			2		5	8
2	6		1	5				7
					4	3		5
7							4	2
		8	5	3	7			9
5		2	6	8			1	
			7	4				
3	4			1	5	9	8	6

	5				1	2		
9				5			8	
	3	1	2	8	7	5		6
		3	5			9	2	4
		4					3	
	8				9			7
3		8	9	7		4		2
	4		8	3	2	1		9
	7	9	1	6				8





















3	9						4	6
			9	3	7	2		8
	7			6				5
	1	3		2		8	6	
2				9	3	1		7
				1	8	4		2
8							2	1
	3			5			7	4
5		4	1	7		9	8	3

	9	8	7		2		3	6
		5	6	9	8			
2		4	1				7	
8	4		5			6		3
9			4					8
	7	6					1	4
				1	3		6	5
3	1	2			6	4		
	5		8	7		3	2	

6	3	1						
7		9	5		1			3
2	4		8		9		7	1
5	2			9	3	7		
	6						8	5
	7				5	2	4	9
		7		1		9	6	4
4		2		5	6	8		
8		6			7			




Noughts & Crosses



Word Search

K K J P F D L T B N A O L N J E A G I R
 W Z E U Y J M E A Z A G G Y D D A D J Z
 L E T Z H M R P I E O I E T K R V X U V
 D A J H G O F Z A O S M K G S B E M N Y
 P E L Y H A S W X A F T M S N C S P E J
 W O J C A H V F X D K L E G A R I V X X
 T R S N U L X D S J V S S R Z P Z F K W
 O O O R A F X A M O F L Y E T S E W M Y
 L L A F V F N E M N Z G B H A D B R L Z
 E E A E O P E N B A R I N G O X H Y D Z
 B E E K J Z D S S U S X I U A V V K T M
 A U I S T R P Y F P O K Z T Y O V G Q G
 B V O O E X K H L T P K T V M L N E J L
 H A F D V I C R F A Y H Z M Y K J R X Z
 N R A U B T O K F L U K A S C A N F M P
 V K H S X B Y O R F N D D J M S P P R F
 Z T F L J N E B D B A B U D U I V Y M A
 R J S T V G U C L S A M G S Z I G R N W
 G U X D I C E T S O O A R S S V R C O F
 F I B N O M O E E N F T W K U C G N A P

Adam	Ragel	Openbaring	Lukas	Horeb	Skaap
Eva	Vis	Babel	Dooie see	Ester	Perd
Leeu	Gerf	Jona	Isak	Kain	Eksodus
Vark	Lot	Noag	Ooste	Weste	



#imagine
EXPERIENCE






1-3 April 2016
Western Cape • Gauteng • Eastern Cape

Join 1000's of Grade 8 - 12's
Teenagers R 400-00
Volunteers/Group leaders R500-00

iTickets.co.za

info@imaginemovement.co.za
www.imaginemovement.co.za

Gestuur...



KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 084 028 8993/ dncvanzyl@gmail.com

Stanwin Street (Jeug) 079 525 5695/ stanwins@gmail.com

Koster:

Elna du Plessis 012 331 3531/ 082 873 1184 (Weekkoster – Ma tot Vr)

Frans Viljoen 083 492 2824 (Naweekkoster – Sa en So)

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

